

**Dinsdag 16 April**

<b>Skrifgedeelte:</b> <b>11:45-57</b>	<b>Johannes</b>	<b>Fokusgedeelte:</b> <b>11:49, 50</b>	<b>Johannes</b>
--	-----------------	---	-----------------

### **Verstaan ons Jesus se invloed?**

Ná Jesus Lasarus opgewek het, kry ons twee reaksies: dié van geloof en ongeloof. In hierdie gedeelte fokus ons op die ongeloofsreaksie. Daarmee bedoel ek dat hulle nie Jesus wou erken as Verlosser en Saligmaker nie, maar Hom herken het as iemand wat hulle leefwêreld beïnvloed het.

Jesus doen baie tekens. In Johannes 6 vra die Jode tekens sodat hulle kan glo. Jesus doen baie tekens. Tog glo hulle nie. As ons die Johannes-Evangelie lees, sien ons Johannes se doel was dat die tekens die mens moes lei om te glo en verlos te word. Hier is die reaksie nie een van verlossing nie, maar ontslae raak.

Kajafas som dit op: Maak dood! In sy eie gemoed het hy geredeneer dat as hulle Jesus doodmaak, sy invloed op hulle leefwêreld sou ophou. Daar is egter iets wat Kajafas nie op daardie oomblik besef het nie: Hy sê wat die Here hom laat sê – Jesus moes sterf – nie om op te hou om lastig te wees nie, maar om die ewige lewe te gee.

So is die invloed van Jesus ook in 2019. Dit wat Hy geleer het, geld letter vir letter vandag aktueel. As ons vir iemand sou sê dat Jesus gesterf het, is daar ten minste twee reaksies: geloof of ongeloof.

Geloof vir die begunadigdes. My enigste troos: Christus het gesterf sodat ek kan leef!

Ongeloof vir diegene wat nie plek wil maak vir God nie. Hy moet uit hulle leefwêreld, Hy mag nie 'n invloed hê nie.

Kajafas, die Sanhedrin en elkeen wat wat Jesus verwerp, staan een of ander tyd voor sy troon, moet die knie buig en erken: Jesus is Here. Tot sy ondergang.

Ons troos: Ek leef, want Jesus het gesterf.

*Sing: Skrifberyming 12-4:1-3*

*Dr. HF van Wyk (Hennie) (Bloemhof/Christiana)*